Opleiding In Geleentheidsbestuur
29 Jun 2015 : Burger (Suid Kaap)
AVE: 18309,09
Circulation: 45541,00
Dimensions: w:187 h:140
© DALRO Copyright

Publication: BURGER (Suid Kaap)
Date: 2015-06-29
Page: 17

Opleiding in geleentheidsbestuur

Die Aleit Groep
The Aleit Academy bied 'n voltydse kursus oor drie jaar aan wat baie meer as net teoretiese opleiding behels. Studente doen praktiese ure vanaf hul eerste week en ervaar reeds aan die einde van hul eerste jaar die geleenthede van 'n groot verskeidenheid internskappe. Hierdie is ook die enigste studente ter wêreld wat die geleentheid kry om internskappe by The Aleit Group PTY Ltd.-entiteite te doen.

Studente doen verdere plasings by uitgesoekte bedryfsvriende tydens hul tweede en derde jaar wat dan die deure na toekomstige werksgeleenthede vir hulle oopmaak.

Ekstras
Buiten die ongelooflike internskapgeleenthede waaraan hul blootgestel word (*Expresso Show*, *Top Billing*, Val de Vie, Salon58, Salome Gunter Interior Design, Aspen, ensovoorts), word baie "ekstras" deur die loop van hul klastyd bygevoeg, naamlik werksessies soos fotografie, kreatiewe skryfkuns, blommekuns, sosiale media, baristakursusse, wynopleiding en so meer.

By die Aleit Groep kan jy onder meer leer hoe om kreatief met blomme te werk.
Foto ter illustrasie: NATALIE GABRIELS

Studente kry allesomvattende opleiding in die gasvryheidsbedryf, wat net eenvoudig nie by enige ander instansie beskikbaar is nie.

Diploma en akkreditasie
Die studente ontvang 'n diploma in geleentheidsbeplanning (CATHSSETA ID 20613, akkreditasienommer 613/P/000249/2014).

Eksamens en praktiese toetse
Studente voltooi 14 portefeuljes (een per vak), wat praktiese projekte sowel as eksamenvraestelle insluit. Deur die loop van die drie jaar moet hulle ook aan CATHSSETA se vereistes vir praktiese diensure voldoen.

Kampus
Die kampus is op Lourensford-wynlandgoed in Somerset-Wes geleë. Opleiding word deur The Aleit Academy gedoen in samewerking met The Aleit Group PTY Ltd.

Boston City Campus
Die diploma wat Boston nou bekendstel is die diploma in geleentheidsbestuur (kwalifikasiekode HDIPEM, NKR-vlak 6). Dit is 'n driejaar-kwalifikasie wat loopbaangeleenthede in verskeie rigtings moontlik maak.

Jy kan werk kry as een van die volgende:
- Geleentheidskoördineerder of -toesighouer
- Geleentheidskoördineringsassistent of -bestuurder
- Junior bemarkingskoördineerder of veldtoesighouer
- Bestuurder in bemarkingsverhoudings, sleutelrekeningbestuurder of assistentbestuurder
- Gasvryheids-, dienste-, verkoops- of produkverteenwoordiger of -bestuurder
- Kleinsakebestuurder, -eienaar of entrepreneur

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission